

23 Maart

Johannes 13:1-16; 31-35

(Teks: 13:34)

Liefde soos dié van Christus

'n Mens kon die stomme verbasing op die gesigte van die dissipels sien toe Jesus van die tafel opstaan en gereed maak om hul voete te was. Dit was die gewoonte in daardie tyd om die gaste se voete te was as hulle by die tafel aanlê. Dit is gewoonlik die slaaf of die kleinste in die gesin se werk. Maar nie een van die dissipels het daarvoor kans gesien nie. Hul twis dan juis onder mekaar wie die belangrikste is!

Kon Christus dit beter illustreer dat ware liefde nederig is en uitreik na nader? Christus se hele lewe op aarde was 'n toonbeeld van hierdie liefde. Hy het mense met ongekende liefde omvou as Hy vermaan, as Hy dien en help. Selfs in die heel donkerste oomblikke aan die kruis, skitter sy liefde. Hy bid vir die Jode en Romeine wat Hom kruisig (Luk 23:34). Hy skenk vergewing aan sy mede-gekruisigde - 'n rower met 'n gruwelike lewe agter die blad (Luk 23:43). In sterwenspyn het Hy nog tyd om sy moeder aan die sorg van Johannes toe te vertrou (Joh. 19:27).

En ons?

Christus het ons al liefgehad toe ons nog sondaars - sy vyande! - was (Rom. 5:8,10).

Vir sulke mense - jy en ek - gee Christus 'n nuwe gebod: "Soos Ek julle liefhet, moet julle mekaar ook liefhê (Joh. 13:34).

Vandag nog gaan jy baie geleentheid kry om dit daadwerklik te beoefen.

Sing Psalm 33:1

Ds. A.P.C. Duvenage (Bultfontein)